**Dit is volbring! (OP253)**

**Joh 19:25-30**

**5 April 2026**

Laaskeer het ons begin om Johannes se beskrywing van die Here Jesus se kruisiging te oordink. Ons het opgelet dat Johannes sorgvuldig die detail gekies het wat hy in sy beskrywing ingesluit het, omdat hy 'n spesifieke doel in gedagte gehad het met sy beskrywing. Ons het in besonder na twee aspekte van die kruisiging gekyk: Eers het ons die kennisgewing wat Pilatus aan die kruis vasgeheg het, oordink. Op die kennisgewing was geskryf: "Jesus, die Nasarener, die koning van die Jode". Onbewustelik het Pilatus die waarheid geskryf: Die Here Jesus is afkomstig uit die Jode, en Hy is die Koning van alle ware Jode wat in die hart besny is. Hy word later beskryf as die Koning van die konings en die Heerser van die heersers. Vervolgens het ons gekyk na die soldate wat die Here Jesus se klere verdeel het, en in besonder een soldaat wat die Here Jesus se volle onderkleed onverdiend ontvang het. Ons het opgelet dat klere noodsaaklik is om aan die bruilofsfees van die Lam te mag aansit – en dit is die Here Jesus wat hierdie klere gee. Hierdie gebeure aan die voet van die kruis was 'n afbeelding van regverdigmaking, waar die soldaat se gebrek aan regverdige dade op die Here Jesus gelaai is, wat naak aan die kruis gehang het, terwyl die soldaat die Here Jesus se onderkleed ontvang het. Boonop sien ons ook hier afgebeeld hoe die gelowige die klere van vel ontvang wat die Here God in Gen 3 al beloof het met die instelling van die genadeverbond. Dit alles is die resultaat van die Here Jesus se werk as die ware Hoëpriester. Johannes het dus beskryf dat die Here Jesus terwyl Hy aan die kruis gehang het, die ware Priesterkoning is. Ons sal vandag verder leer hoekom dit so belangrik is om te verstaan.

Vandag wil ek stilstaan by Johannes se verdere beskrywing van die kruisgebeure in Joh 19:25-30. Hierdie verse neem ons tot by die punt waar die Here Jesus sterf. Daar is drie insidente wat ek wil oordink: (1) Die Here Jesus se woorde aan Maria en Johannes (v25-27), (2) Die Here Jesus se woorde: "Ek is dors" (v28-29), en (3) Die Here Jesus se woorde: "Dit is volbring!" (v30).

<u>Die Here Jesus se woorde aan Maria en Johannes (Joh 19:25-27)</u>

Lees Joh 19:25. Ons lees daar was vier vroue by die kruis: Eerstens was die Here Jesus se moeder daar – alhoewel Johannes nie haar naam gee nie, weet ons dit is Maria. Tweedens was Sy moeder se suster ook daar – Johannes gee ook nie haar naam nie. Derdens was daar Maria, die vrou van Klopas, en vierdens was daar Maria Magdalena. Mark 15:40 beskryf ook die vroue wat by die kruis was: Drie se name word genoem: Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Joses, en Salome. Markus noem nie Maria, die Here Jesus se moeder, nie. As die vroue wat hier beskryf word, dieselfde vroue is as wat Johannes beskryf, dan kan ons die volgende aflei: Maria Magdalena kom in beide evangelies voor. Johannes se Maria wat die vrou van Klopas was, is waarskynlik Markus se Maria wat die moeder van Jakobus en Joses was. Dit beteken die suster van Maria, Jesus se moeder, wie se naam Johannes nie noem nie, moet volgens Markus Salome wees. In Matteus 27:56 lees ons ook van drie vroue – Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en ook die moeder van die seuns van Sebedeus. Dit blyk dus dat die suster van Maria, wie se naam Johannes nie noem nie, is volgens Mark 15 Salome, en volgens Mat 27 ook die moeder van die seuns van Sebedeus. En die seuns van Sebedeus is natuurlik Jakobus en Johannes – die evangelis Johannes, wat hier skryf. Wat Johannes dus hier skryf, is dat daar twee vroue by die kruis was wie se name hy nie gee nie: dit is Maria, die Here Jesus se moeder, en sy eie moeder, Salome, wat Maria se suster is. Maria, die Here Jesus se ma, was dus Johannes se tannie.

Hierdie afleiding (en dit is ‘n afleiding want ons aanvaar aldrie evangeliste praat van dieselfde vroue) maak vermoedelik sin, want Johannes noem nooit sy eie naam nie – en nou noem hy ook nie sy ma se naam nie, en ook nie sy tannie se naam nie. Dit laat ons dink ons interpretasie is korrek.

Lees Joh 19:26-27. Ons weet die dissipel vir wie die Here Jesus lief was, is Johannes se beskrywing van homself. Dus, toe die Here Jesus vir Sy ma Maria sien, sê Hy vir haar: “Vrou, kyk, daar is u seun!” En vir Johannes sê Hy: “Kyk, daar is jou moeder!” Kom ons besin net eers oor die Here Jesus se manier om Sy ma aan te spreek – Hy noem haar “vrou”. Dit herinner natuurlik aan Joh 2:4 tydens die teken van water in wyn by die bruilof in Kana, toe die Here Jesus haar ook so aangespreek het: “Vrou, waarom pla u My? My uur het nog nie aangebreek nie”. Ons het destyds daarop gelet dat die Here Jesus haar op hierdie manier aangespreek het, enersyds omdat dit respekvol is, maar andersyds ook omdat Maria moes verstaan dat sy as Sy ma het nie spesiale toegang tot Hom nie. Sy staan in dieselfde verhouding tot Hom as die beloofde Messias, as enige ander mens – al is sy Sy biologiese ma. Sy moet ook, soos alle ander mense, gered word deur geloof in Hom. Dit moes sekerlik vir haar moeilik wees – immers is sy Sy ma! Dit is asof die Here Jesus wou aandui daar was ‘n heilige afstand tussen haar en die Here Jesus. En daarom is dit juis so kosbaar dat die Here Jesus nou met Sy kruisiging Hom juis tot haar wend. Let op: Josef was alreeds oorlede – Maria was dus alreeds ‘n weduwee, en nou staan sy aan die voet van die kruis van haar oudste Seun – en binnekort gaan Hy ook sterf. Na Josef se sterwe, was dit die Here Jesus se verantwoordelikheid, as haar oudste Seun, om na haar om te sien – maar wat gaan nou gebeur as Hy ook sterf? Daarom is dit so kosbaar dat die Here Jesus vir haar sê: “Vrou, kyk, daar is u seun!” en vir Johannes: “Kyk, daar is jou moeder!” Vers 27 voeg by: Van daardie oomblik af het Johannes haar in sy huis geneem. Johannes het verstaan wat sy verantwoordelikheid is, en hy het dit uitgevoer.

Maar hoekom het die Here Jesus nie Maria aan die sorg van Sy broers, Maria se jonger seuns, toevertrou nie? Hoekom juis aan Johannes? Wel, dit is nie duidelik of Sy broers hoegenaamd teenwoordig was by die fees nie. Onthou die Here Jesus is eers vroeër hierdie oggend ter dood veroordeel, en is reeds naby aan die punt om te sterf. Miskien was hulle nie eens bewus van die gebeure nie. In elk geval, die laaste keer wat ons van hulle gelees het, was hulle nog afsydig en krities oor die Here Jesus en Sy werk. Daarteenoor, Johannes is daar. Trouens, dit lyk of Johannes die enigste van die elf dissipels was wat daar was. In die uur van die Here Jesus se nood, is Johannes daar. En boonop is Johannes die dissipel wat ‘n besondere verhouding met die Here Jesus gehad het. En hulle is neefs.

Ek is egter ook oortuig hier is ‘n dieper betekenis: Onthou die gebeure in Mat 19:16 ev toe die ryk jong man die Here Jesus besoek het. Na die gesprek met die man, het die Here Jesus aan die dissipels verduidelik hoe moeilik dit is vir ‘n ryk persoon om in die koninkryk van die hemele te kom – en die dissipels was geskok. Hulle het gevra: “Wie kan dan gered word?” Die Here Jesus het verduidelik dat dit by God wel moontlik is. Petrus het hierop gereageer en gesê maar hulle het so baie prys gegee om die Here Jesus te volg. En die Here Jesus het geantwoord in Mat 19:29: “En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond agterlaat ter wille van My Naam, sal honderd maal soveel ontvang, en die ewige lewe erf.” En dit is wat ons hier sien gebeur. Die Here Jesus vestig die begin van ‘n nuwe gemeenskap tussen mense wat bereid is om alles agter te laat en Hom te volg. Daar is ‘n onderlinge intiemer verhouding tussen hierdie mense as tussen tipiese fisiese familielede. Beide Maria en Johannes was bereid om die Here Jesus te volg tot teen die voet van die kruis. Ja, dit is waar, selfs hulle twee het nog nie alles verstaan op daardie dag nie – maar hulle was eensgesind in hulle volgelingskap van die Here Jesus. En daarom vertrou die Here Jesus Sy ma eerder aan Johannes toe as aan Sy broers – hulle verstaan nog baie minder as Maria en Johannes. Daarenteen, Maria en Johannes is sekerlik geskok en verbyster deur wat besig is

om te gebeur – maar binnekort sal hulle ook saam opgewonde wees. Daar is ‘n intieme waardering vir die Here Jesus by beide – en hulle gaan dit in die toekoms nog baie nodig hê. En daarom gee die Here Jesus hulle aan mekaar om gemeenskap te mag hê met mekaar, en saam ook met Hom.

<u>Die Here Jesus se woorde: ”Ek is dors” (Joh 19:28-29)</u>

Lees Joh 19:28-30. Vers 28 begin met “Hierna” – dit beteken sekerlik na die gesprek met Maria en Johannes. Vers 30 sluit af met die Here Jesus se sterwe. Beide die uitsprake “Ek is dors” en “Dit is volbring” is chronologies baie na aan mekaar – ons kan dit aflei, want ons lees: Omdat die Here Jesus dors is, gee hulle vir Hom die suur wyn, en toe Hy die suur wyn gedrink het, het Hy gesê: “Dit is volbring”. Ons kan egter ook aflei dat daar tussen die gesprek met Maria en Johannes, en hierdie uitsprake van die Here Jesus, het heelwat tyd verloop. Dit was gedurende hierdie periode wat die drie ure van duisternis plaasgevind het, waartydens die Here Jesus God-verlatenheid ervaar het. Verder: Chronologies, na die uitspraak “Dit is volbring”, sterf die Here Jesus.

Kom ons fokus nou eers op die Here Jesus se uitspraak: “Ek is dors”. Hierdie uitspraak kom na verskeie ure aan die kruis, en na ure van intense lyding. In Mark 15:23 lees ons dat hulle aan die Here Jesus wyn met mirre wou gee om te drink – maar dit was voor Hy gekruisig is. Dit is dus nie dieselfde gebeure as wat hier beskryf word nie. Daardie wyn met mirre moes dien as ‘n mate van verdowing – wat die Here Jesus geweier het om te drink, omdat Hy by sy volle bewussyn wou wees tydens dit wat aan die kruis sou gebeur. Hy het groot verantwoordelikhede gehad om aan die kruis uit te voer, en wou dit verantwoordelik en bewustelik uitvoer.

In Joh 19:28-29 is dit egter die Here Jesus wat die inisiatief neem en sê: “Ek is dors”. Daar het ook ‘n kruik met suur wyn by die kruis gestaan. Hierdie wyn was vir gebruik deur die soldate, tydens die ure wat hulle aan die voet van die kruis moes wag vir die misdadigers aan die kruis om te sterf. Toe die Here Jesus sê: “Ek is dors”, het iemand van hierdie suur wyn geneem, ‘n spons vol gesuig met die suur wyn, dit op ‘n marjoleintak, of dit kan ook vertaal word met ‘n hissoptak, gesit en dit opgelig tot by die Here Jesus se mond. En die Here Jesus het dit gedrink.

Maar let nou op wat vers 28 sê: “Hierna het Jesus, omdat Hy geweet het dat alles reeds volbring is, en sodat die Skrif vervul sou word, gesê: ‘Ek is dors’”. Die punt is: Twee redes word gegee wat die Here Jesus gedring het om te sê: “Ek is dors”. Hy het dit gesê omdat Hy geweet het alles is reeds volbring, en Hy het dit gesê sodat die Skrif vervul sou word. Kom ons besin oor hierdie twee redes:

- **Sodat die Skrif vervul sou word:** Dit is verstommend. Die Here Jesus hang alreeds vir ure aan die kruis, en dit na al die gebeure van die vorige nag en die geseling – en tog is Hy steeds helder in Sy denke – nou begin ons waardeer hoekom Hy nie vroeër voor die kruisiging die wyn met mirre wou dink nie. Ten spyte van al die lyding, al is Hy so te sê op die punt om te sterf, onthou die Here Jesus steeds wat die Skrif sê. En sodat die Skrif vervul sou word, sê Hy: “Ek is dors”. Die vraag is natuurlik watter Skrifuitspraak hier vervul word? Uit verskillende kommentare blyk dit daar is verskillende opinies hieroor:
    - Een moontlikheid is Ps 22:16: “My krag het uitgedroog soos ‘n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; in die stof van die dood laat U my lê.” Ps 22 begin met die woorde “My God, my God, waarom het U my verlaat” – dit is natuurlik ook die woorde wat die Here Jesus vroeër aan die kruis uitgespreek het toe Hy deur God verlaat is in die drie ure van duisternis. Dit sou dus sin maak dat die Here Jesus na dieselfde psalm verwys na Sy geweldige lyding ook juis gedurende die periode van Godverlatenheid.

- Nog ‘n moontlikheid is Ps 42:3: “My siel dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek in die tempel ingaan en voor God verskyn”. Ps 63:2-3 sê iets soortgelyks: “God, U is my God, na U soek ek; my siel dors na U, my liggaam smag na U in ‘n droë uitgeputte land sonder water. So het ek uitgesien na U in die heiligdom, om U krag en glorieryke teenwoordigheid te ervaar”. As dit die Skrif is waarna die Here Jesus verwys het, sou dit beteken Sy uitspraak was ‘n smagting na die Here God, Sy Vader, en dat Hy uitsien om na die Vader in Sy heiligdom te gaan. Tasker ondersteun hierdie siening in sy kommentaar oor Johannes.
- ‘n Derde moontlikheid is Ps 69:22: “Hulle het gif in my kos gesit en vir my dors het hulle my asyn laat drink”. Dit is juis die verwysing na asyn wat herinner aan die suur wyn wat hulle vir die Here Jesus aan die kruis gegee het. Carson ondersteun hierdie siening.

Ek kom later terug na hierdie verskillende moontlikhede. Baie kommentatore sê die feit dat die Here Jesus gesê het “Ek is dors” is duidelik ‘n vervulling van Ou Testamentiese Skrifuitsprake – al is dit nie presies duidelik watter uitspraak dit is nie. En wat ons moet raaksien is dat die Here Jesus steeds bewus was van die feit dat Hy besig was om Skrifuitsprake te vervul, en daarom het Hy gesê “Ek is dors”. En natuurlik is dit waar, en natuurlik is dit opnuut ‘n bevestiging dat wat besig was om te gebeur, was in lyn met God se plan, en dit was akkuraat besig om in vervulling te gaan. Maar, ek is oortuig hier moet meer betekenis in wees as om net te sien Skrifuitsprake word vervul.

- **Omdat die Here Jesus geweet het dat alles reeds volbring is:** Daar is ‘n tweede rede hoekom die Here Jesus gesê het: “Ek is dors” – want Hy het geweet dat alles reeds volbring is. Natuurlik is die volgende logiese vraag: Wat is dit wat alles alreeds volbring was? En om dit te bedink moet ons ons oordenking hiervan kombineer met die volgende uitspraak van die Here Jesus.

<u>Die Here Jesus se woorde: “Dit is volbring!” (Joh 19:30)</u>

Lees Joh 19:30. Let nou op die noue verwantskap tussen hierdie twee uitsprake “Ek is dors” en “Dit is volbring!”. Omdat die Here Jesus geweet het alles is reeds volbring, sodat die Skrif vervul sou word, sê Hy “Ek is dors” en “Dit is volbring”. Kommentatore wys daarop dat dieselfde Griekse woord gebruik word vir die Here Jesus wat geweet het alles is reeds <u>volbring</u>, sodat die Skrif <u>vervul</u> (oftewel volgemaak) sou word, en “Dit is <u>volbring</u>” – dit is die Griekse woord “tetelestai”. Dit was omdat alles reeds vervul was, dat die Here Jesus gesê het “Ek is dors” en “Dit is volbring!” – en boonop is dit ook nog vervulling van die Skrif.

So, wat is volbring? Kom ons gaan terug na die begin:

In Gen 2 lees ons van die tuin van Eden wat die Here God aangelê het vir Adam en Eva om in te woon. In Gen 2:10 lees ons: “‘n Rivier vloei uit Eden om die tuin te benat, en van daar af vertak dit. Dit word vier hoofstrome.” Duidelik was water volop beskikbaar in die tuin. Maar toe kom die sondeval – en die sondevalgebeure lig drie ernstige probleme uit:

- Probleem 1: Die eerste probleem is die teenwoordigheid van die duiwel. Dit is hy wat vir Adam en Eva verlei. Hy kom selfs in die tuin. Selfs in die ideale omstandighede van die tuin, verlei hy die mens. Ja, die mens moes die tuin bewaak onder andere ook teen die duiwel. Maar hulle het misluk. En nou word hulle deur die Here uit die tuin gedryf. Nie net het hulle nie meer toegang tot al daardie water nie, nou is hulle in die wêreld. En die duiwel is ook daar. As die duiwel hulle in die tuin onder ideale omstandighede kon verlei, dink net aan die

groot gevaar wat dit vir hulle buite die tuin sou inhou. Die teenwoordigheid van die duiwel sal fundamenteel aangespreek moet word. En dit is wat God belowe het: Een uit die nageslag van die vrou sal kom en die kop van die slang vermorsel. Maar dit lê nog in die toekoms.

- Probleem 2: Die mens het sondeskuld weens sy ongehoorsaamheid. Al sou die Here God oombliklik die duiwel vernietig, het die mens reeds sondeskuld. Die verwagting van die Here is steeds dat die mens nie in sonde moet leef nie – maar hulle het reeds sonde, en hulle doen steeds meer sonde. En boonop is hulle nou in die wêreld. Dit is probleem 2.
- Probleem 3: Die Here God was ook van die begin af baie duidelik daaroor dat as die mens in ongehoorsaamheid val, sal hy sterf. En nou was hulle ongehoorsaam – en die dood is 'n harde werklikheid. Die werklikheid van die dood is probleem 3.

En dan volg die Ou Testamentiese geskiedenis. Telkens is dit duidelik die duiwel is steeds aktief. Telkens val die volk maar weer in sonde. Met die hoogste uitsondering, sterf almal. Gereeld kom die waarskuwing van die Here. In Deut 28:47-48 waarsku die Here: "Omdat jy nie die Here jou God met vreugde en 'n blye hart gedien het oor al die oorvloed nie, sal jy jou vyande wat die Here teen jou uitstuur, dien te midde van hongersnood en dors, en in naaktheid en volslae gebrek". Hoor jy dit: a.g.v. hulle voortgesette sonde gaan hulle dors wees en naak (onthou laasweek se fokus op naaktheid en klere van geregtigheid). In Jes 1:30 waarsku die Here: "Ja, julle sal wees soos terebintboom waarvan die blare verwelk, soos 'n tuin wat geen water kry nie." In Hos 2:1-2 waarsku die Here: "Kla julle ma aan, kla haar aan, want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie ... anders sal ek haar kaal uittrek, en haar laat soos op haar geboortedag. Ek sal haar soos 'n woestyn maak, haar as 'n dor land laat lê en haar van dors laat sterf." Geliefdes, die prentjie lyk maar donker: die duiwel loop rond, die volk pleeg steeds sonde, hulle word steeds gewaarsku hulle gaan van die dors omkom, en hulle sterf steeds.

Maar die Ou Testament leer genadiglik ook meer as dit: Ons het reeds gesien daar was die belofte van die Een wat die kop van die slang sal vermorsel – dit bring hoop vir probleem 1, die duiwel. Na die Here die volk uit Egipte bevry het, word die tabernakel- en offerdiens ingestel – dit bring hoop vir probleem 2 – die sondeskuld. En dan is daar profetiese uitsprake soos Jes 55:1 en 3: "Kom, almal wat dors is, kom na die water! En wie geen geld het nie, kom koop en eet! Kom koop sonder geld, sonder koste, wyn en melk!" en "Maak julle ore oop en kom na My toe; luister sodat julle kan leef! Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit, getrou aan die bestendige liefde vir Dawid". Jes 56:5: "Ek sal vir hulle iets gee wat beter is as seuns en dogters: In my tempel en teen my mure sal Ek hulle gedenk met 'n teken en 'n naam. 'n Ewige naam sal ek aan hulle gee wat nie uitgewis sal word nie" – dit bring selfs hoop vir probleem 3 – die dood!

En dan, in die volheid van die tyd, word die Here Jesus gebore. En eventueel begin Hy met Sy openbare optrede. En in Joh 4 gaan sit Hy by Sigar by die fontein. En die Samaritaanse vrou kom, om maar weer water te skep vir daardie alewige dors. En Hy sê vir haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry, maar wie van die water drink wat Ek hom gee, sal tot in ewigheid nie dors kry nie. Die water wat Ek hom gee, sal in hom 'n fontein van water word wat opborrel tot die ewige lewe." (Joh 4:13-14) Hoor jy dit? Die Here Jesus beloof water wat werklik dors les – en dit lei tot die ewige lewe. Water wat probleme 2 en 3 aanspreek! In Joh 6:35 sê die Here Jesus vir die mense wat van die vermeerderde brood geëet het: "Ek is die brood van die lewe. Wie na My toe kom, sal nooit honger word nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors word nie"

Kom ons keer terug na die Here Jesus aan die kruis. Na die drie ure van duisternis en Godverlatenheid, sê Hy, omdat Hy geweet het alles is reeds volbring, en sodat die Skrif vervul sou word: "Ek is dors" en "Dit is volbring!" Wat het gebeur gedurende daardie drie ure van duisternis?

Kan ek jou herinner aan Heb 2:14-15: "Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur Sy dood die een wat mag oor die dood het, dit is die duiwel, kragteloos kon maak, en sodat Hy hulle wat uit vrees vir die dood hulle lewe lank in slawerny verkeer het, kon bevry". Hoor jy dit? Hy het die duiwel kragteloos gemaak – dit beteken Hy het probleem 1 aangespreek. Boonop het Hy die mense bevry van hulle vrees vir die dood – dit is deel van probleem 3. Dink ook aan Kol 2:14-15: "Hy het die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis en dit blywend weggeneem, toe Hy dit aan die kruis vasgespyker het. Nadat Hy hierdeur die gesagvoerders en maghebbers ontwapen het, het Hy hulle in die openbaar tot skande gemaak toe Hy hulle in Sy triomftog meegevoer het." – Aan die kruis het Hy probleme 1 en 2 aangespreek! In Openbaring 12 lees ons van die teken wat Johannes gesien het van die vrou en die draak. Die vrou is die gelowiges, en die draak is die duiwel. Toe die vrou aan 'n manlike Kind geboorte geskenk het (die Kind is natuurlik die Here Jesus), is die Kind na die hemel weggeruk. Maar, sê vers 9: "Die groot draak, die slang van weleer, wat duiwel en satan genoem word, die verleier van die hele bewoonde wêreld, is toe uitgegooi. Hy is op die aarde neergegooi, en saam met hom ook sy engele." Wanneer het dit gebeur? Gedurende die drie ure van duisternis toe die Here Jesus aan die kruis gehang het – weereens probleem 1 is daar aangespreek.

Let op die volgende:

- Laasweek het Johannes Pilatus se kennisgewing beskryf. Ons het geleer die Here Jesus is die Koning van die ware Jode wat in hulle harte besny is. Dit is belangrik – want dit is Hy wat as die Opperkoning gedurende die drie ure van duisternis die stryd gevoer het teen die duiwel. Dit was toe dat Hy die kop van die slang vermorsel het. Dit was toe dat die duiwel oorwin is. Dit was toe dat die duiwel uit die hemel gegooi is. Dit was toe dat die Here Jesus probleem 1 aangespreek het – die wortel van die sondeprobleem, die duiwel self, is oorwin – soos die Skrif gesê het. Die Here Jesus het hom oorwin omdat Hy die Koning is.
- Ons het ook laasweek gesien die Here Jesus is die ware Hoëpriester deurdat Sy volledige onderkleed aan die soldaat gegee is, en die soldaat se naaktheid aan Hom gegee is. Dit was tydens Sy kruisiging dat Sy bloed as Hoëpriester gevloei het. Dit was toe dat Hy probleem 2 aangespreek het – die sondeskuld probleem. Dit was toe dat Hy die water van die lewe geword het. Dit is deur in Hom te glo, dat ons dors werklik geles word, en dat daar 'n fontein van lewende water in ons opborrel wat die ewige lewe gee. Dit spreek probleem 3 ook aan.

Kom ons keer nou weer terug na Joh 19:28-30. Dit was hierna, na die drie ure van duisternis, na Sy oorwinning oor die duiwel, na Hy geregtigheid bewerk het, na Hy die bron van lewende water geword het wat die ewige lewe gee, dit was nadat Hy dit alles bewerk het, dit was toe Hy verstaan het dat alles wat hieromtrent in die Ou Testament beloof is, volbring is, dit was omdat Hy geweet het dit is vervul soos wat die Skrif gesê het, daarom het Hy gesê "Ek is dors" en "Dit is volbring!"

Ek hoop dit is duidelik wat die Here Jesus bedoel het met "Dit is volbring!" Al hierdie dinge is bewerk – aldrie probleme is suksesvol aangespreek. Dit is volbring. Maar ons kan steeds vra hoekom het die Here Jesus nadat dit alles volbring is, gesê: "Ek het dors"? Ek stem saam dat dit 'n vervulling is van Ps 22:16 wat beskryf hoe Sy tong aan Sy verhemelte vasgekleef het. Ek stem ook saam dat dit 'n vervulling is van Ps 69:22 wat beskryf het dat hulle vir Hom asyn sou gee om te drink. Maar, ek is ook van mening, dit gaan oor baie meer. Ek is van mening Ps 42:3 vat dit vas: "My siel dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek in die tempel ingaan en voor God verskyn". So ook Ps 63:2-3:

“God, U is my God, na U soek ek; my siel dors na U, my liggaam smag na U in ‘n droë uitgeputte land sonder water. So het ek uitgesien na U in die heiligdom, om U krag en glorieryke teenwoordigheid te ervaar”. Na drie ure van worsteling, na Hy volbring het wat die Vader van Hom verwag het, na Hy die duiwel oorwin het, na Hy geregtigheid en lewende water bewerk het, is Hy dors: Hy dors na Sy Vader. Hy dors daarna om in die hemelse tempel in te gaan en voor Sy Vader te verskyn. Hy dors daarna om saam met Sy Vader in Sy heiligdom te wees. Hy dors daarna om Sy Vader se krag en glorieryke teenwoordigheid te ervaar. Immers is alles volbring.

En toe buig Hy Sy kop vooroor, en gee Sy gees oor. Hy het alles volbring.

Soms worstel ons daarmee dat die Here Jesus gesê het: “Dit is alles volbring!” – en tog is die duiwel nog nie finaal oorwin nie, en tog sondig ons nog, en tog sterf ons nog. Is alles werklik volbring? Ja, die prys is betaal! God se koninkryk is gevestig. Die duiwel het beperkte mag en is bloot ‘n instrument in God se hand wat Hy gebruik om Sy koninkryk te bou. Lewende water is reeds beskikbaar deur die Seun. Dit borrel reeds werklik in gelowiges op en lei tot ewige lewe. Die dood se angel is uitgehaal. Die dood is hoogstens ‘n oorgang van hierdie lewe na die lewe hierna, om daar deel te word van daardie groot skare in die hemel waarvan Op 7 praat. En toe Johannes vra wie hierdie groot skare is, was die antwoord aan hom: “Dit is die mense wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle lang stolas gewas, en wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God, waar hulle Hom dag en nag in Sy tempel dien. En Hy wat op die troon sit, sal Sy tent by hulle opslaan. Hulle sal nie meer honger of dors word nie; nie die son, ook geen hittegloed sal hulle brand nie. Want die Lam wat in die middel van die troon staan, sal hulle soos ‘n herder versorg en hulle na die fonteine met lewende water lei, en God sal elke traan uit hulle oë vee.”

Alles is volbring. En soos wat die tyd verloop word daar daagliks mense by daardie skare in die hemel gevoeg. Alles wat nodig is om dit te bewerk, is volbring. En intussen is die Here Jesus as die ware Priesterkoning in die hemelse heerlikheid, aan die regterhand van Sy Vader. Sy dors hierna is ook bevredig.